# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

KAAPSTAD, 17 MAART 1976
CAPE TOWN, 17 MARCH 1976

L. 129] [No. 5014


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

. 411. 17 Maart 1976.

Iierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy :dkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby algemene inligting gepubliseer word:—

. 6 van 1976: Wysigingswet op Adverteer Langs en Toebou van Paaie, 1976.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 411. 17 March 1976.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 6 of 1976: Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1976.

Wet No. 6, 1976

WYSIGINGSWET OP ADVERTEER LANGS EN TOEBOU VAN PAAIE, 1976

# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940, ten einde die oprigting van bouwerke of die aanlê of aanbring van ander voorwerpe naby kruisings van sekere paaie te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

---

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 4 *Maart* 1976.)

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 9 van Wet 21 van 1940, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 16 van 1962 en artikel 29 van Wet 54 van 1971.

**1.** Artikel 9 van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van artikel 9A mag niemand 'n bouwerk of enigiets anders wat verbonde is aan die grond waarop dit staan, al maak dit ook nie 'n deel van daardie grond uit nie, of enigiets onder of benede enige grond binne 'n afstand van vyf-en-negentig meter vanaf die middellyn van 'n boubeperkingspad oprig, aanbring of aanlê of vergunning daartoe verleen, of enige verandering aan of toevoeging tot die struktuur van so 'n bouwerk of so iets aldus geleë, aanbring of vergunning daartoe verleen nie, tensy dit gedoen word ooreenkomstig 'n skriftelike vergunning verleen deur die betrokke beherende gesag: Met dien verstande dat die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is nie in verband met—

(*a*) die voltooiing van 'n bouwerk waarvan die oprigting begin is op 'n dag voordat die betrokke pad 'n boubeperkingspad geword het of voor 1 Junie 1939, na gelang die een of die ander dag later is;

(*b*) 'n bouwerk wat opgerig is deur die Spoorwegadministrasie op grond waaroor daardie administrasie die beheer het;

(*c*) 'n bouwerk of enigiets anders wat opgerig, aangebring of aangelê is in 'n stadsgebied of op, onder of benede 'n erf of perseel in 'n dorp;

(*d*) 'n afsluiting, heining of muur wat nie hoër as een komma ses meter uitsteek nie bo die oppervlakte van die grond waarop dit staan;

(*e*) 'n waterwerk soos omskryf in artikel 1 van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), 'n plaaswoonhuis of enige ander bouwerk of enigiets anders op 'n plaas wat bedoel is om in verband met *bona fide* boerderybedrywighede gebruik te word;

# ACT

**To amend the provisions of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940, so as to regulate the erection of structures or the laying or construction of other things near intersections of certain roads; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 4 *March* 1976.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 9 of Act 21 of 1940, as amended by section 3 of Act 16 of 1962 and section 29 of Act 54 of 1971.

**1.** Section 9 of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of section 9A no person shall erect or permit the erection of any structure or any other thing which is attached to the land on which it stands, even though it does not form part of that land, or construct or lay or permit the construction or laying of anything under or below the surface of any land within a distance of ninety-five metres from the centre line of a building restriction road, or make or permit to be made any structural alteration or addition to any such structure or thing so situated, except in accordance with the permission in writing granted by the controlling authority concerned: Provided that the preceding provisions of this section shall not apply in connection with—

(*a*) the completion of a structure whose erection was commenced on a date before the road in question became a building restriction road or before 1 June 1939, whichever date is the later;

(*b*) a structure erected by the Railway Administration on land under its control;

(*c*) a structure or other thing erected, constructed or laid in an urban area or on, under or below an erf or lot in a township;

(*d*) an enclosure, a fence or a wall which does not rise higher than one comma six metres above the surface of the land on which it stands;

(*e*) a water work as defined in section 1 of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), a farm dwelling-house or any other structure or thing on a farm intended to be used in connection with *bona fide* farming operations;

(*f*) die voltooiing van die oprigting, aanbring, aanlê of verandering van of 'n toevoeging tot 'n bouwerk of enigiets anders wat wettiglik vóór die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1962, begin is;

en met dien verstande, voorts, dat 'n vergunning ingevolge hierdie artikel verleen, nie die doen van enigiets wettig nie as dit in stryd is met 'n ander wetsbepaling.".

Invoeging van artikel 9A in Wet 21 van 1940.

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 9 ingevoeg:

„Verbod op oprigting van bouwerke of aanbring van ander voorwerpe naby kruisings van sekere paaie.

**9A.** (1) Niemand mag—

(*a*) op grond geleë binne 'n afstand van vyf-honderd meter vanaf die kruising van die middellyn van 'n boubeperkingspad met die middellyn van 'n ander boubeperkingspad of enige ander pad behalwe 'n nasionale pad soos omskryf in die Wet op Nasionale Paaie, 1971 (Wet No. 54 van 1971), 'n bouwerk of enigiets anders wat verbonde is aan die grond waarop dit staan, ongeag of dit deel uitmaak van daardie grond of nie, oprig nie;

(*b*) benede die oppervlakte van grond geleë soos in paragraaf (*a*) bedoel, enigiets aanbring of aanlê nie;

(*c*) enige verandering aan of 'n toevoeging tot die struktuur van 'n bouwerk opgerig op, of enigiets aangebring of aangelê benede die oppervlakte van, grond geleë soos bedoel in paragraaf (*a*), aanbring nie;

(*d*) vergunning verleen nie vir die oprigting van 'n bouwerk op, of vir die aanbring of aanlê van enigiets benede die oppervlakte van, grond geleë soos in paragraaf (*a*) bedoel, of vir die aanbring van enige verandering aan of 'n toevoeging tot die struktuur van 'n bouwerk opgerig op, of enigiets aangebring of aangelê benede die oppervlakte van, grond aldus geleë,

tensy dit gedoen word ooreenkomstig 'n skriftelike vergunning verleen deur die betrokke beherende gesag: Met dien verstande dat die voorafgaande bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is nie in verband met—

(i) die voltooiing van die oprigting, aanbring, aanlê of verandering van of 'n toevoeging tot 'n bouwerk of enigiets anders, wat wettiglik vóór die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel begin is;

(ii) 'n bouwerk wat opgerig is deur die Spoorweg-administrasie op grond waaroor daardie administrasie die beheer het;

(iii) 'n bouwerk of enigiets anders wat opgerig, aangebring of aangelê is in 'n stadsgebied of op, of benede die oppervlakte van, 'n erf of perseel in 'n dorp;

(iv) 'n afsluiting, heining of muur wat nie hoër as een komma ses meter uitsteek nie bo die oppervlakte van die grond waarop dit staan;

(v) 'n waterwerk soos omskryf in artikel 1 van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), 'n plaaswoonhuis of enige ander bouwerk of enigiets anders op 'n plaas wat bedoel is om in verband met *bona fide* boerderybedrywighede gebruik te word:

(*f*) the completion of the erection, construction, laying or alteration of or any addition to any structure or other thing lawfully commenced prior to the commencement of the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1962;

and provided, further, that any permission granted under this section shall not legalize the doing of anything which is unlawful under any other law.".

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 9:

Insertion of section 9A in Act 21 of 1940.

"Prohibition of erection of structures or construction of other things near intersections of certain roads.

**9A.** (1) No person shall—

(*a*) on land situated within a distance of five hundred metres from the intersection of the centre line of a building restriction road with the centre line of another building restriction road or any other road except a national road as defined in the National Roads Act, 1971 (Act No. 54 of 1971), erect any structure or any other thing which is attached to the land on which it stands, whether or not it forms part of that land;

(*b*) construct or lay anything beneath the surface of land situated as contemplated in paragraph (*a*);

(*c*) make any structural alteration or addition to a structure erected on, or anything constructed or laid beneath the surface of, land situated as contemplated in paragraph (*a*);

(*d*) permit the erection of a structure on, or the construction or laying of anything beneath the surface of, land situated as contemplated in paragraph (*a*), or the making of any structural alteration or addition to a structure erected on, or anything constructed or laid beneath the surface of, land so situated,

except if it is done in accordance with a written permission granted by the controlling authority concerned: Provided that the preceding provisions of this section shall not apply in connection with—

(i) the completion of the erection, construction, laying or alteration of or any addition to any structure or other thing, lawfully commenced prior to the date of commencement of this section;

(ii) a structure erected by the Railway Administration on land under its control;

(iii) a structure or other thing erected, constructed or laid in an urban area or on, or beneath the surface of, an erf or lot in a township;

(iv) an enclosure, a fence or a wall which does not rise higher than one comma six metres above the surface of the land on which it stands;

(v) a water work as defined in section 1 of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), a farm dwelling-house or any other structure or thing on a farm intended to be used in connection with *bona fide* farming operations:

Met dien verstande, voorts, dat 'n vergunning ingevolge hierdie artikel verleen, nie die doen van enigiets wat in stryd is met 'n ander wetsbepaling wettig nie.

(2) Die bepalings van artikels 9 (3), (3)*bis*, (3)*ter*, (3)*quat* en (4) is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n vergunning bedoel in, of enigiets gedoen in stryd met, subartikel (1).".

Wysiging van artikel 13 van Wet 21 van 1940, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 16 van 1962 en artikel 29 van Wet 54 van 1971.

**3.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Wanneer iemand by 'n beherende gesag aansoek gedoen het om die vergunning, magtiging, goedkeuring of toestemming wat in artikel 9, 9A, 10 of 11 vermeld word en die beherende gesag die aansoek geweier het of 'n beperkte of voorwaardelike vergunning, magtiging, goedkeuring of toestemming verleen het, of wanneer 'n beherende gesag so 'n magtiging ingevolge artikel 10 (2) ingetrek het, kan die aansoeker of enigeen wat deur die intrekking geraak word, na die Minister appelleer, en die Minister kan na goeddunke die appèl van die hand wys of in sy geheel of gedeeltelik toestaan en die aansoek toestaan of die vergunning, magtiging, goedkeuring of toestemming wat deur die beherende gesag verleen is, wysig, of die intrekking wysig, opskort of tot niet maak en in die algemeen ten opsigte van enige saak waarop die appèl betrekking het, handel soos die beherende gesag kon gehandel het, en die Minister se handeling in hierdie verband word by die toepassing van hierdie Wet beskou as die handeling van die beherende gesag.".

Wysiging van artikel 15 van Wet 21 van 1940, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 16 van 1962 en artikel 29 van Wet 54 van 1971.

**4.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Iemand wat 'n bepaling van artikel 2, 8, 9 of 9A oortree of wat versuim om te voldoen aan 'n wettige aansegging wat 'n beherende gesag ingevolge artikel 4 (1), 8 (3) of 9 (4) of uit hoofde van die bepalings van artikel 9A (2) wettig aan hom gerig het, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.".

Kort titel.

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1976.

Provided, further, that any permission granted under this section shall not legalize the doing of anything which is unlawful under any other law.

(2) The provisions of sections 9 (3), (3)*bis*, (3)*ter*, (3)*quat* and (4) shall *mutatis mutandis* apply in respect of any permission referred to in, or anything done in contravention of, subsection (1).".

Amendment of section 13 of Act 21 of 1940, as amended by section 7 of Act 16 of 1962 and section 29 of Act 54 of 1971.

**3.** Section 13 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) When a person has applied to a controlling authority for any permission, authorization, approval or consent mentioned in section 9, 9A, 10 or 11 and the controlling authority has refused the application or has granted a qualified or conditional permission, authority, approval or consent, or when a controlling authority has withdrawn any such authorization under section 10 (2), the applicant or any person affected by the withdrawal may appeal to the Minister, who may, in his discretion, dismiss the appeal or allow the appeal wholly or in part, and grant the application or vary the permission, authorization, approval or consent granted by the controlling authority or vary, suspend or cancel the withdrawal and generally act in relation to any matter to which the appeal relates, as the controlling authority could have acted, and any such action taken by the Minister shall, for the purposes of this Act, be deemed to be the action of the controlling authority.".

Amendment of section 15 of Act 21 of 1940, as amended by section 8 of Act 16 of 1962 and section 29 of Act 54 of 1971.

**4.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any person who contravenes any provision of section 2, 8, 9 or 9A or who fails to comply with a lawful direction issued to him by a controlling authority under section 4 (1), 8 (3) or 9 (4) or by virtue of the provisions of section 9A (2), shall be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding two hundred rand.".

Short title.

**5.** This Act shall be called the Advertising on Roads and Ribbon Development Amendment Act, 1976.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1346/14 600.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1346/14 600.